


6 Junie 2021

HOËRSKOOLO KATEGESSE

1 Samuel 8:4-20;

11:14-15 en 14:1-24

erosCATZ
(Gr.7-10)



wat wil jy vandag bereik?

Met God aan jou kant het jy nie aardse mag nodig nie. Soms wag ons vir iets om te verander, maar dis eintlik onself wat eers moet verander. Ons dink omdat ons nie in magposisies is nie, dat ons geen verskilkan maak nie. Wanneer ons egter verander en 'n verskil begin maak, sal die wêreld verander!

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is die eerste ding wat jy sal verander as jy môre president van Suid-Afrika word?

As jy iets aan jou ouers/onderwysers kon verander, wat sou jy aan hulle wou verander?

As jy iets aan ons gemeente/die dominee/jeugwerker kon verander, wat sou jy wou verander?

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 1 Samuel 8:4-20 en 14:1-24
saam as gesin

Dis nogal 'n lang stuk om te lees. As julle kan, kyk na die verhaal wat afspeel in 14:1-24 in een van die videoclips

<https://youtu.be/-XoGCRv8IT8>
<https://youtu.be/HBJOGrAd1wE>

ons vier Koninkrykstyl

Koninkrykstyl begin die Sondag na Pinkster (Triniteitsondag) en strek tot die Sondag voor Advent (die Sondag van Christus die Koning). Dit is dus die langste "seisoen" in die kerkjaar se kalender. (kyk gerus ook by <https://dinkjeug.co.za/kerkjaar-kalender/>)


Aardbol: Nog 'n simbool vir Koninkrykstyl is die aarde – want Jesus stuur ons na alle mense - om hulle lief te hê en vir hulle van Hom te vertel. Hy stuur ons egter nie net om vir mense om te gee nie, maar ook om vir die aarde (die natuur, diere, plante ens.) om te gee en daarom is ekologie ook 'n belangrike tema in Koninkrykstyl.

Seilboot: 'n Seilboot word deur die wind aangedryf en vaar oor die waters. Net só word ons uitgestuur as Jesus se dissipels om sy goeie nuus te deel. Die Heilige Gees is soos die wind in ons seile of lewens – Hy stuur ons en gee ons krag om uit te gaan na die wêreld. Daarom is sending en evangelisasie en dissipelskap belangrike temas in Koninkrykstyl. 'n Oop Bybel (die evangelie) en 'n koringaar (die sending oes) word ook soms gebruik as simbole hiervan.

word stil

Luister na die lied 'In hierdie oomblik, Heer' van Neil Büchner (<https://youtu.be/Qs4MjlbCHII>).
Maak julle oë toe en word rustig.

Vra nou die Here om jou in hierdie oomblik te kom verander en nuut te maak.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Moet 'n kind van die Here altyd gesag respekteer? Mag ons nie reëls bevraagteken nie? Wat moet ons bv. doen as gesag ons dwing om aan God ongehoorsaam te wees?

Wat dink julle gebeur as kinders van die Here/Christene magsbehep raak? Beskryf hoe julle dink 'n magsbehepte christen sal optree.

Iemand het gesê: "Ons liefde vir mag moet vervang word deur die mag van liefde." Wat dink jy het die persoon daarmee bedoel en stem jy saam? Dink jy (in jou gesin/ons gemeente/ons dorp/ons land) ons plaas ons vertrouwe in mag of in liefde?

Hoe kan ons (die Kerk) mense help om nuwe rigting te kry in die lewe, sonder om voorskriftelik of *judgy* of onbeskof of *bossy* oor te kom? Of moet ons hulle net los? Hoe het jou vriende jou al gehelp om rigting te kry wanneer jy rigtingloos gevoel het?

In 1 Samuel 14 lees ons hoe Saul en sy manskappe onder die granaatboom lê en niksdoen, terwyl Jonatan uitgaan en 'n verskil maak. Wanneer is die Kerk (ons) soos Saul wat onder die granaatboom lê en wanneer is die Kerk (ons) soos Jonatan?

Sonder om net eenvoudig gemeente-*bashing* of dominee-*bashing* te doen; of sonder om die teenoorgestelde van *bashing* te doen waar jy hoegenaamd niks krities kan sê nie, kyk na julle eie gemeente, die verskil wat julle in die wêreld en julle omgewing maak en gesels daaroor of julle dink die gemeente is 'aan die brand vir Jesus'. Indien ja, hoekom dink julle is dit so? Wat moet ons aanhou doen? Indien nee, wat dink julle moet verander? Hoe kan die kerk onder die granaatboom uitkom? Hoe moet JY verander?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Iemand het gesê: "Jou lewe is jou boodskap."

Wat is die boodskap wat jy wil hê mense moet van jou lewe kry?

Wat gaan jy hierdie week doen om 'onder die granaatboom' uit te kom en 'n verskil te maak?

"Everyone who's ever taken a shower has had an idea. It's the person who gets out of the shower, dries off and does something about it who makes a difference." (Nolan Bushnell)

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor jou familie vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

na die erediens

As julle gesin na die e-erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Uit die fliek Cinderella Man, die ware verhaal oor die bokser James Braddock, wat onder die granaatboom uitbeweeg omdat hy vir sy familie wil sorg...

"I fight for milk"

Hy versinnebeeld liefde wat in aksie oorgaan.

<https://nous.org.za/product/visuele-storie-i-fight-for-milk/>

of

<https://youtu.be/JCKh3Jsge4E>



Lees Psalm 19:8-12 as 'n gebed.

Dink hieroor na:

Is die Here se bevel, onderwysings, geboie vir jou 'n geskenk of 'n las?